Oordenking.
15 November 2017.

Christus die Koning – deel een.

Sondag 3 Desember is die eerste van vier Advent Sondae. Dit beteken, onder andere, dat Kersfees nou naby kom.
In die huidige seisoen, tussen Pinkster en Advent, dink ons na oor alles wat deel is van die Koninkryk van God. Daarom gaan ons vandag en volgende week nadink oor ons belydenis van Jesus as "Christus die Koning".

Die konings van Israel het nie aan God se standaarde voldoen nie. Tog het die opregte gelowiges van die Ou Testament bly glo dat 'n regverdige Koning as Messias na hulle toe sou kom. Hierdie beloftes in die Ou Testament help ons verstaan wat dit beteken om Jesus as "Christus die Koning" te bely. Hoewel geen aardse koning of regeerder ooit aan God se verwagtinge voldoen het nie, is Christus die Koning vir ons as Christene die vervulling van al die profesieë van die ewige, regverdige Koning wat sou kom.

Christus is nie en was nooit 'n aardse koning nie. Sy soewereine mag word openbaar deur getuie van God se waarheid te wees: dit is die waarheid van verlossing wat nie deur aardse mag bereik kan word nie en die waarheid oor liefde, geregtigheid en die ewige lewe wat sy Koningskap onder ons laat kom. Hy is die hoogste voorbeeld van integriteit.

Johannes skryf oor ons Koning in die Openbaring Boek: *"Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos." Openbaring 1: 5.*

Jesus is die geloofwaardige getuie. Net Hy openbaar die ware Goeie Nuus van God. Hy het eerste die dood oorwin – en ons sal Hom ook hierin volg. Hy is Heerser oor die aardse konings en stuur die wêreldgeskiedenis ter wille van die koms van sy Koninkryk. En Hy het ons 'n koninkryk van priesters gemaak wat ons altyd en in elke omstandigheid dien en volg.

Om Christus as hoogste Heerser te proklameer is direk in stryd met aardse kultuur en praktyk. Die ongelowige wêreld sal nooit sy gesag aanvaar nie.
Maar neutraliteit is nie 'n keuse nie.
Ons dien of die wêreld of die waarheid, dit is Jesus Christus, die Koning, alleen. Dis die enigste pad wat na ware lewe lei.